

# #2

# MYNE, MYNE, MYNE

Geld, geld, geld... Alles gaan deesdae oor geld. Dink maar net hoe lyk ons samelewing: Mense staan elke dag voor die son op, om 'n werk te gaan doen wat hulle haat, om ook te kan koop wat ander het. Myne, myne, myne is ons wêreld se slagspreuk. Hoe verander dit alles as ons as gelowiges sê dat alles God s'n is?

Dikwels sê ons as gelowiges vir mekaar dat ons dalk al ons goed moet weggee of net ons tiende vir die kerk moet gee - is dit egter die antwoord? Wat is makliker? Om te sê dat alles, selfs ons geld God s'n is, en ons lewens daarvolgens in te rig? Of om maar net 'n tiende te gee en dan met jou lewe aan te gaan, sonder skuldgevoel? Ons geld kan of 'n skuldige gewete aanvuur, of 'n skuldige gewete blus. Dalk vra God dat ons heeltemal anders oor ons finansies moet dink...

Ons as gelowiges kan nooit net hande gevou, of eerder hande oop sit en verwag dat alles wat ons nodig het uit die lug uit sal val nie. Ons lees op baie plekke dat ons moet hard werk in hierdie wêreld (Spreuke 14:31; 10:4; 13:11).

Die gelykenis in Lukas 16 vra dat ons ook in hierdie wêreld met wysheid moet optree, ons geld moet gebruik en in hierdie wêreld moet vriende maak. Hoe moet ons daaroor dink as ook ons finansies 'n gawe uit God se hand is?



# Week #2 Geestelike Dissipline Verantwoordelikheid

Om 'n verantwoordelike rentmeester te wees is om in alle fasette van my lewe verantwoordelik te wees. Dit is baie moeilik omdat veral ons finansies, ons lewenskwaliteit beheer. 'n Verantwoordelike rentmeester is iemand wat onthou dat niks wat ek het, my eie is nie. Rentmeesterskap is om die gawes, hulpbronne, tyd, talente en skatte wat ons van God af kry, tot voordeel en liefde van God en ander beskikbaar te stel en uit te deel. Om nie te sê 'myne' nie, maar 'God s'n'.

**Lees hierdie teksgedeeltes**

- Deuteronomium 8:17-18
- Psalm 24:1
- Matteus 6:19-20

**Vrae vir refleksie**

**Reflekteer alleen oor hierdie vrae of bespreek dit in jou kleingroep.*

1. Wat het jy nodig om regtig tevrede te wees? Wanneer het jy genoeg?
2. Hoe beïnvloed die gedagte dat "alles wat ons het aan God behoort", jou lewe?
3. Wanneer het jy al te min gehad, sodat iemand anders genoeg kon hê?
4. Hoe sal jy moet begin minder maak, sodat die mense rondom jou kan begin meer hê?
5. Watter verslawings is daar in jou lewe wat dalk jou hulpbronne, tyd en rykdom steel?
6. Op watter manier kan jy dalk onmiddelik begin om die mense rondom jou finansieël te ondersteun?



**Geestelike oefeninge**

**Kies 1-2 (of meer as jy kans sien) van die volgende geestelike oefeninge om die dissipline van dankbaarheid in te oefen.*

1. Begin net. Dalk het jy nog altyd gesê dat jy eendag sal begin dien met jou finansies as jy genoeg het... Wat kan jy vandag al begin gee om ook anders oor jou finansies te leer dink?

2. Hoe kan jy dalk vandag God se hande van voorsiening vir iemand wat jy ken wees?

3. Dink terug oor jou eie lewe. Wanneer was dit nog vir jou die lekkerste om iets aan iemand weg te gee? Wat het jy gegee? Waarom het dit in jou hart gaan lê? Hoe kan jy aanhou om soortgelyk te dien of te gee?

4. Hoe het die manier waarop jy grootgemaak is jou siening oor Rentmeesterskap beïnvloed? Skryf die sterkpunte en swakpunte neer van dit wat jy van kleintyd af geleer is oor 'gee'. Dink nou aan die nalatingskap wat jy graag oor rentmeesterskap sal wil agter laat.

5. Gee vandag iets aan iemand wat niks daarvan verdien nie - maak dit prakties ('n koeldrank, 'n tip by 'n restaurant)

6. Kyk hierdie week in jou eie huis hoeveel goed jy het wat jy bloot opgegaar het. Sou iemand anders dit beter kon gebruik? Gee dit vir hulle.



**Gebed vir die week**

Bid Spreuke 30:7-9

Net twee dinge vra ek van U; moet my dit tog nie weier nie; daarna kan ek sterf: moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie; moet my nie arm maak of ryk nie, gee my net die kos wat ek nodig het, sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: “Wie is die Here?” nie, en sodat ek nie arm word en steel en my God se Naam oneer aandoen nie.

Here, leer my dat ook wat ek het en verdien, aan U behoort.

Amen

